

KOERSVAS


Jaargang 2 Uitgawe 33 14 Februarie 2014

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Integriteit

Paulus maan gelowiges om so ver moontlik in vrede met alle mense te lewe. Dit is wyse raad wat vandag nog net so toepaslik is as die eerste keer wat dit geuiter was. Die hartseer is dat daar soms turbulente tye is met mense wat botsende perspektiewe het en daarom haaks met mekaar is. In oorlogtye geld die eeue-oue spreuk; oorlog is oorlog. Dit beteken dat daar nie werklik reëls is nie. Soldate sal alles denkbaar en selfs ondenkbaar doen om te oorleef en te oorwin.

'n Teologiese stryd is anders as oorlog, al gaan 'n teologiese stryd ook met diep emosies gepaard. In Calvyn se tyd het ketterers op die brandstapel beland. In die geval van Servetus, het Calvyn baie met hom gekorrespondeer, totdat Calvyn self tot die gevolgtrekking gekom het dat Servetus 'n ketter was. Met Servetus se skuldigbevinding in Genève, het Calvyn versoek dat Servetus eerder onthoof moes word. Die versoek is nie toegestaan nie en Servetus het beswyk op die brandstapel van sy eie boeke waarin hy anti-Trinitaries geskryf het. In die oorbeskaafde 21e eeu stuur ons nie meer mense brandstapel toe nie. Polities oorkorrekteit maak dat ons selfs versigtig is om mekaar te beskuldig van swak teologie, wat nog te sê kettery. Dit maak van die Staat van Belydenis 'n steen des aanstoots vir die NHKA.

Onafhanklike gemeentes en predikante moet baie verduur van NHKA strukture af. Die felste teenstand het skokkend genoeg nie met teologie te make nie, maar met eiendom. Hierdie stryd word in die howe geveg en daar moet gevra word na die integriteit van die mense wat hierdie saak aanvoer. Die (onkerkordelike) litigasie komitee se optredes dien as aanklag teen die hele NHKA en lidmaatgeld-betalende (heffingbetalende) lidmate. 'n Opsomming van die NHKA se regsplan se optredes maak die vraag na integriteit 'n moeilike een om te beantwoord.

Op aandrang van hulle regsplan is daar 'n verhoordatum bepaal vir 12 Februarie 2014. Intussen het een van hulle prokureurs reeds twee weke gelede gedreig met 'n **dringende hofaansoek** rakende die oordrag van Rustenburg se eiendom (Hoeveel dae na die dreigement is enige aansoek dringend?). Dinsdag 11 Februarie 2014 om 11:30 stuur hulle toe 'n ultimatum deur wat stel dat hulle 'n dringende aansoek gaan bring indien Rustenburg nie teen 12:00 'n onderneming gee dat hulle nie sal voortgaan met die oordrag nie. Voor Rustenburg kon vergader oor 'n mandaat en reaksie, het die pleitstukke al gearriveer en teen 16:00 op dieselfde dag is Rustenburg in kennis gestel dat hulle regsadviseurs tot 18:00 het om pleitstukke in te dien. Hulle laat ook per brief weet dat die saak 12 Februarie 2014 in die namiddag aangehoor sal word. Dit alles

teen die agtergrond dat hulle weet dat die hof op 12 Februarie om 10:00 argumente aanhoor in die Saamstaan saak (pleks hulle daarvoor voorberei het). Hulle het ook geweet dat daar geen manier is dat die regsplan kan pendel tussen Noord-Wes en Gauteng om albei sake te hanteer nie. Intussen gaan hulle 12 Februarie reeds om 09:00 (en nie 10:00 soos aangedui) na die regter en kry 'n tydelike bevel. Iemand het skertsend gestel dat die NHKA net 'n hofbevel kan kry indien dit ongeopponeerd in die stilligheid ingesmokkel word.

Waar in hierdie benadering is die integriteit wat ons optrede moet kenmerk? Al hierdie koste en moeite om 'n tussentydse hofbevel te kry wat toestaan dit wat Rustenburg self aangebied het, naamlik 'n tydelike moratorium op oordrag tot en met 'n billike datum vir die aanhoor van albei partye se saak. Hoe desperaat kan mens raak? Die publiek is reeds 11 Februarie gewaarsku dat die NHKA so iets kan doen. Lees gerus

<https://www.facebook.com/#!/pages/Steeds Hervormers/118368828245168>

NUUSBROKKIES

- Die GHG betree nou 'n volgende fase in sy bestaan as Bond met die beroep wat Koster eersdaags gaan uitbring. Beroepe nuus gaan nie 'n gereelde nuusbroskie wees nie, maar ons sien uit daarna om te hoor wie van die meer as 5 aansoekers wel beroep is.
- Vaalwater het intussen aangedui dat hulle ook wil beroep. Hulle is baie dankbaar teenoor die predikante wat so getrou gehelp het.
- Die Kuratorium vergader 20 Februarie 10:00 om aansoeke om akkrediasie te bespreek. Aansoekers is uitgenooi vir gesprek op genoemde datum. Daar gaan ook besin word oor die aansoek van die eerste student wat as Bondskind teologie wil studeer.
- Die aanhoor van die eksepsie (*Saamstaan saak*) op die hofaansoek

van Tuine, Grootvlei en Theresapark het op 12 Februarie plaasgevind en het goed afgeleef. Die saak is, soos per aansoek, uitgestel hangende die konsolidasie aansoek

- Ten spyte van behoudende ampsdraers en lidmate in die NHKA se besware teen die instel van die A.S Geyser gedenklesing, gaan die UP Teologie Fakulteit en die HTS voort met die instel van die gedenklesings.
- Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in ons bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geormerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff. U word versoek om alle vorige transaksies se besonderhede ook aan te stuur na tomcases@lantic.net.

BANKBESONDERHEDE:

Naam: G H G (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Takkode: 250 655

KENNISGEWINGS

- Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: "Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." In dieselfde asem bevestig die Heidelbergse Kategismus in Vraag en Antwoord 21 die waarde van ons kennis van die Woord van God as ons hoor dat ware geloof ook 'n vasstaande kennis van die Woord is. Met dit in gedagte word u aangemoedig om in u gemeente en selfs in ringsverband aandag te skenk aan die Bybelvasvrae. Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek: Die briewe van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes) Heidelbergse Kategismus– Sondag 1

tot 8. Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

- Jeugbediening: Studente en werkende jongmense van Onafhanklike gemeentes wat die huis verlaat het en elders woonagtig is: Ons wil graag ons kinders, jongmense en werkende jeug wat buite ons gemeentegrense moet gaan werk en studeer ook steeds getrou bedien. Stuur asseblief so gou moontlik vir ons die name, telefoonnommers, e-posadresse en inligting van waar u kinders gaan woon en kerk bywoon na: zyvetto@gmail.com.
- Baie dankie vir u pragtige ondersteuning van Lewensbrood.

DRUKWERK

Na aanleiding van 'n versoek deur verskeie nuwe gemeentes verskaf ons die volgende inligting met betrekking tot drukwerk. Geen gemeente staan onder die verpligting om hierdie drukker te gebruik nie, maar ons kan u verseker dat u dit nie maklik beter en goedkoper gedoen gaan kry nie. Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

Stuur asb. u gemeente se kennisgewings en nuusbrokkies na j.otto@telkomsa.net of na admin@steadshervormers.co.za vir opname in die volgende Koersvas.